

DEPARTMENT OF JUSTICE AND CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT

NO. R. 1156

30 OCTOBER 2020

RULES BOARD FOR COURTS OF LAW ACT, 1985 (ACT NO. 107 OF 1985)**AMENDMENT OF RULES REGULATING THE CONDUCT OF THE PROCEEDINGS OF THE MAGISTRATES' COURTS OF SOUTH AFRICA**

The Rules Board for Courts of Law has, under section 6 of the Rules Board for Courts of Law Act, 1985 (Act No. 107 of 1985), and with the approval of the Minister of Justice and Correctional Services, made the rules in the Schedule.

SCHEDULE**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

- [] Words or expressions in bold type in square brackets indicate omissions from the existing rules.
- Words or expressions underlined with a solid line indicate insertions into the existing rules.

Definition

1. In this Schedule "the Rules" means the Rules Regulating the Conduct of the Proceedings of the Magistrates' Courts of South Africa published under Government Notice No. R. 740 of 23 August 2010, as amended by Government Notice Nos. R. 1222 of 24 December 2010, R. 611 of 29 July 2011, R. 1085 of 30 December 2011, R. 685 of 31 August 2012, R. 115 of 15 February 2013,

R. 263 of 12 April 2013, R. 760 of 11 October 2013, R. 183 of 18 March 2014, R. 215 of 28 March 2014 and R. 507 of 27 June 2014, 571 of 18 July 2014, R. 5 of 9 January 2015, R. 32 of 23 January 2015, R. 33 of 23 January 2015, R. 318 of 17 April 2015, R. 545 of 30 June 2015, R. 2 of 19 February 2016, R. 1055 of 29 September 2017, R. 1272 of 17 November 2017, R. 632 of 22 June 2018, R. 1318 of 30 November 2018, R. 842 of 31 May 2019, R. 1343 of 18 October 2019, R. 107 of 7 February 2020 and R. 858 of 7 August 2020.

Amendment of rule 5 of the Rules

2. Rule 5 of the Rules is hereby amended –

(a) by the substitution for subrule (2) of the following subrule:

“(2)(a) In every case where the claim is not for a debt or liquidated demand the summons shall be a combined summons similar to Form 2B of Annexure 1, to which summons shall be annexed **[a statement] particulars** of the material facts relied upon by the plaintiff in support of plaintiff’s claim, and which **[statement] particulars** shall, amongst others, comply with rule 6, but in divorce matters a combined summons substantially compliant with Form 2C shall be used.

(b) (i) Where the claim is for a debt or liquidated demand, other than a claim subject to the provisions of the National Credit Act, 2005, the summons may be a simple summons similar to Form 2 of Annexure 1.

(ii) If the cause of action is based on a contract the plaintiff shall indicate whether the contract is in writing or oral, when, where and by whom it was concluded, and if the contract is in writing a copy thereof or of the part relied on shall be annexed to the simple summons.” and

(b) by the substitution for subrule (7) of the following subrule:

“(7) Where the plaintiff issues a simple summons in respect of a claim regulated by legislation the summons may contain a bare allegation of compliance with the legislation, but the declaration, if any, must allege full particulars of such compliance.[:]

[Provided that where the original cause of action is a credit agreement under the National Credit Act, 2005, the plaintiff seeking to obtain judgment in terms of section 58 of the Act shall in the summons deal with each one

of the relevant provisions of sections 129 and 130 of the National Credit Act, 2005, and allege that each one has been complied with.]”

Amendment of rule 33 of the Rules

3. Rule 33 of the Rules is hereby amended—

(a) by the insertion after subrule (5) of the following subrule:

“(5A). In district court and regional court civil matters, the scale of fees to be taken by advocates referred to in section 34(2)(a)(ii) of the Legal Practice Act, 2014 (Act No. 28 of 2014) as between party and party shall be that set out in Table A and Table B of Annexure 2 subject to any restrictions in any Part of the Tables.”;

(b) by the substitution for subrule (6) of the following subrule:

“Save as to appearance in open court without [counsel] an advocate referred to in section 34(2)(a)(i) of the Legal Practice Act, 2014 (Act No. 28 of 2014), the fees in subrule (5) shall be [allowable] allowed whether the work has been done by an attorney or by his or her [clerk] candidate attorney, but shall, except in the case of the fee referred to in paragraph 13 of the general provisions under Table A of Annexure 2, be [allowable] allowed only in so far as the work to which such fees have been allocated has in fact and necessarily been done.”; and

(c) by the substitution for subrule (10) of the following subrule:

“Where the court is of the opinion that at the hearing the party to whom costs are awarded has occupied time unnecessarily or in relation to matters not relevant to the issue, the court may disallow a proportionate part of the hearing fee payable to his or her attorney or [counsel] advocate.”

Amendment of rule 76 of the Rules

4. Rule 76 of the Rules is hereby amended by the substitution for paragraph (c) of subrule (2) of the following paragraph:

“(c) if the parties agree to mediation, assist them to conclude a written agreement to mediate, which must be signed by the parties and accepted by the mediator; and”

Amendment of rule 84 of the Rules

5. Rule 84 of the Rules is hereby amended—

(a) by the substitution for subrule (2) of the following subrule:

“(2) **[Liability]** Unless the parties agree otherwise, liability for the fees of a mediator must be borne equally **[between opposing]** by the parties participating in mediation[: Provided that any party may offer or undertake to pay in full the fees of a mediator].”; and

(b) by the deletion of subrule (3).

Repeal of rule 86 of the Rules

6. Rule 86 of the Rules is hereby repealed.

Amendment of Part I of Table A of Annexure 2 to the Rules

7. Part I of Table A of Annexure 2 to the Rules is hereby amended—

(a) by the substitution for paragraph 6 of the following paragraph:

“6(i) Fees to [counsel] advocates referred to in section 34(2)(a)(i) of the Legal Practice Act, 2014 (Act No. 28 of 2014) shall be allowed on taxation only in cases falling within Scale B, C or D or where the court has made an order in terms of rule 33(8).

(ii) Fees to advocates referred to in section 34(2)(a)(ii) of the Legal Practice Act, 2014 (Act No. 28 of 2014) shall be allowed on taxation for Scale A, B, C or D or where the court has made an order in terms of rule 33(8).” and

(b) by the insertion of paragraph 18 after paragraph 17, of the following paragraph:

“18 Fees to advocates referred to in section 34(2)(a)(i) of the Legal Practice Act, 2014 (Act No. 28 of 2014) shall be allowed on taxation only for items 21 to 26 of Part IV.”

Amendment of Part III of Table A of Annexure 2 to the Rules

8. Part III of Table A of Annexure 2 to the Rules is hereby amended by the substitution for item 15 of the following item:

15 Attending court during trial, or at an on-the-spot inspection, or at postponement or examination on commission, for each quarter of an hour or part thereof spent in court while the case is actually being heard-				
(a) if [counsel] <u>an advocate is not employed</u>	R180,50	R180,50	R226,50	R292,00
(b) if [counsel] <u>an advocate is employed</u>	Nil	R71,50	R88,00	R113,00

Amendment of Part IV of Table A of Annexure 2 to the Rules

9. Part IV of Table A of Annexure 2 to the Rules is hereby amended by –

(a) the substitution for item 3 of Part IV of the following item:

3 Attending court on hearing:				
(a) If unopposed or opposed (if [counsel] <u>an advocate is not employed</u>), for each quarter of an hour or part thereof actually spent in court	R180,50	R180,50	R226,50	R292,50
(b) If opposed (if [counsel] <u>an advocate is employed</u>), for each quarter of an hour actually spent in court or part thereof	Nil	R71,50	R88,50	R113,00

(b) the substitution for the heading following after item 15 of the following heading: “WHERE **[COUNSEL]** AN ADVOCATE IS EMPLOYED”;

(c) the substitution for item 20 of the following item:

20 Attending each necessary consultation with [counsel] <u>an advocate</u> , per quarter of an hour or part thereof	
(a) Claim or claims where the aggregate of the claim or claims	R75,00

does not exceed the maximum jurisdictional amount determined by the Minister from time to time in respect of magistrates' courts for districts	
(b) Claim or claims where the aggregate of the claim or claims exceeds the maximum jurisdictional amount determined by the Minister from time to time in respect of magistrates' courts for districts and the process is issued out of a magistrate's court for a regional division	R94,00

(d) the substitution for the heading following after item 20 of the following heading: "FEES TO **[COUNSEL] ADVOCATES**";

(e) the substitution for paragraph (b) of the Notes to items 21 to 26 of the following paragraph:

(b) The court may on request allow a higher fee for [counsel] an advocate in regard to items 22, 24, 25 and 26.	
------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	--

(f) the substitution for paragraph (c) of the Notes to items 21 to 26 of the following paragraph:

(c) A fee for travelling time by [counsel] an advocate shall be allowed at the same rate as for attorneys under rule 33(9).	
------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	--

Amendment of Annexure 3 to the Rules

10. Annexure 3 of the Rules is hereby amended—

(a) by the substitution for Mediation FORM MED-6 of the form annexed hereto; and

(b) by the deletion of Mediation FORM MED-7.

Commencement

11. This rule comes into operation on **1 December 2020**.

ANNEXURE
"FORM MED-6
(Rules 77(4) & 78(3))

COURT:.....FILE NO:.....

AGREEMENT TO MEDIATE
(Prior to and after litigation)

PARTIES:

AA Claimant

And

BB Respondent

(To be completed by mediation clerk)

We, the undersigned, (hereinafter referred to as "the **[Parties]** parties") agree to mediate the dispute between us, as set out in the Application for Referral to Mediation, on the terms and conditions in this agreement.

1. PARTICULARS OF CLAIMANT:

Surname/Name
 First Names
 Residential address
 Business Address
 Postal Address
 Telephone
 Cellular no

Fax no
 Email

2. PARTICULARS OF RESPONDENT:

Surname/Name
 First Names
 Residential address
 Business Address
 Postal Address
 Telephone
 Cellular no
 Fax no
 Email

3. MEDIATOR

The [Parties] parties hereby agree to appoint the under mentioned mediator:

Surname
 First Names
 Address
 Telephone
 Cellular no
 Fax no
 Email

4. MEDIATOR'S FEES

[4.1 The parties and the mediator agree that the fees to the mediator will be paid in accordance with the tariff determined by the Minister.]

4.1 The parties and the mediator record that no fees are payable to the mediator.

4.2 [A deposit of R_____ toward the mediator's fees and expenses, as determined by the mediation clerk, will be paid to the clerk of the court prior to the commencement of mediation. Any unearned amount in fees, paid as deposit, will be refunded to the Parties.] The mediator shall secure his or her fees by agreement with the parties.

4.3.1 The [Parties] parties shall be [jointly and severally] liable for the mediator's fees [and expenses] in equal shares.

OR

4.3.2 The parties undertake to pay the mediator's fees in the following proportions or amounts:

Claimant:

.....

Respondent:

.....

(Delete whichever is not applicable)

4.4 Should payment not be [timely] made timeously, the mediator may, at his[/or her sole discretion, stop all work on behalf of the [Parties] parties and withdraw from the mediation.

4.5 The [Parties] parties understand and agree that they shall be responsible for two hours of the mediator's time at the above stated rate for any appointment which they do not attend and do not provide at least 24 hours advance notice of the cancellation.

5. DATE, TIME AND VENUE

5.1 The first mediation session will be held on...../...../.....at.....
am/pm.

5.2 The mediation venue will be
but may be changed by agreement between the **[Parties] parties** and the mediator.

6. DURATION OF MEDIATION

The **[Parties] parties** agree that the anticipated duration of the mediation ishours/days.

7. MEDIATION PROCESS

7.1 The **[Parties] parties** understand that mediation is a process in which a mediator facilitates communication between the **[Parties] parties** and, without deciding the issues or imposing a solution on the **[Parties] parties**, enables them to understand the issues and reach a mutually agreeable resolution of their dispute.

7.2 The **[Parties] parties** understand that it is for the parties, with the mediator's concurrence, to determine the scope of the mediation and this will be accomplished early in the mediation process.

8. NATURE OF MEDIATION

8.1 The **[Parties] parties** understand that mediation is an agreement-reaching process in which the mediator assists parties to reach agreement in a collaborative, consensual and informed manner.

- 8.2 It is understood that the mediator has no power to decide disputed issues for the **[Parties]** parties.
- 8.3 The **[Parties]** parties understand that mediation is not a substitute for independent legal advice.
- 8.4 The **[Parties]** parties understand that the mediator's objective is to facilitate the **[Parties]** parties themselves reaching their most constructive and fairest agreement. The **[Parties]** parties also understand that the mediator has an obligation to work on behalf of each party equally and that the mediator cannot render individual legal advice to any party and will not render therapy within the mediation.
- 8.5 The **[Parties]** parties state their good faith intention to complete their mediation by an agreement. It is, however, understood that any party may withdraw from or suspend the mediation at any time, for any reason.
- 8.6 The **[Parties]** parties also understand that the mediator may suspend or terminate the mediation if she/he feels that the mediation will lead to an unjust or unreasonable result, if the mediator feels that an impasse has been reached, or if the mediator determines that s/he can no longer effectively perform his/her facilitative role.

9. MEDIATOR IMPARTIALITY

- 9.1 The **[Parties]** parties understand that the mediator must remain impartial throughout and after the mediation process. The mediator shall therefore not champion the interests of any party over another in the mediation or in any court or other proceeding.

9.2 The mediator will provide copies of correspondence, draft agreements, and written documentation to the [Parties] parties' legal representatives at a party's request.

9.3 The mediator may communicate separately with an individual mediating party, in which case such discussions shall be confidential between the mediator and the individual mediating party unless they agree otherwise.

10. MEDIATOR'S INDEMNITY

The [Parties] parties agree that the mediator shall not be liable for any act or omission directly or indirectly connected to the mediation.

11. FULL DISCLOSURE

Each of the [Parties] parties agrees to fully and honestly disclose all relevant information and documents, as requested by the mediator, and all information requested by any other party to the mediation, if the mediator determines that the disclosure is relevant to the mediation discussions.

12. CONFIDENTIALITY

12.1 It is understood between the [Parties] parties and the mediator that the mediation will be strictly confidential and without prejudice.

12.2 Mediation discussions, written and oral communications, any draft resolutions, and any unsigned mediated agreements shall not be admissible in any court proceeding, unless such information is discoverable in terms of the normal rules of court. Only a mediated agreement, signed by the [Parties] parties may be so admissible.

12.3 The **[Parties]** parties further agree to not call the mediator to testify concerning the mediation or to provide any materials from the mediation in any court proceeding between the **[Parties]** parties.

[12.3] 12.4 The **[Parties]** parties understand the mediator has an ethical responsibility to break confidentiality if he/she suspects another person may be in danger of harm.

13. LITIGATION

The **[Parties]** parties agree to refrain from pre-emptive maneuvers and adversarial legal proceedings (except in the case of an emergency necessitating such action), while actively engaged in the mediation process.

14. PRESCRIPTION

The **[Parties]** parties are aware that the process of mediation shall not suspend, stay or interrupt prescription of any of the parties' claim and the onus rests on each party to take steps to interrupt such prescription for the duration of the mediation.

15. SETTLEMENT AGREEMENT

Should the **[Parties]** parties settle the dispute between them, the **[Parties]** parties agree to reduce the terms of the settlement to writing, with the assistance of the mediator.

16. BREACH OF AGREEMENT

Any party breaching this agreement shall be liable for and shall indemnify the non-breaching parties and the mediator for any loss, including all costs, expenses, liability and fees, including attorneys' fees, which may be incurred as a result of such breach.

17. NON-VARIATION AND WAIVER

The [Parties] parties agree that any amendment or variation or waiver of any term of this agreement must be in writing and signed by the parties, including the mediator.

SIGNED AT..... ON.....

WITNESSES:

1.
	CLAIMANT
2.	PERSONAL CAPACITY/ DULY AUTHORISED <i>(Attach copy of authority/ resolution)</i>

WITNESSES:

1.
	RESPONDENT
2.	PERSONAL CAPACITY/ DULY AUTHORISED <i>(Attach copy of authority/ resolution)</i>

ACCEPTANCE BY MEDIATOR:

Ihereby accept the terms and
conditions of this agreement in so far as they relate to me.

SIGNED ATON

.....

MEDIATOR"

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

NO. R. 1156

30 OKTOBER 2020

WET OP DIE REËLSRAAD VIR GEREESHOWE, 1985 (WET NO. 107 VAN 1985)**WYSIGING VAN DIE REËLS WAARBY DIE VOER VAN VERRIGTINGE VAN DIE LANDDROSHOWE VAN SUID-AFRIKA GEREËL WORD**

Die Reëlsraad vir Gereeshowe het kragtens artikel 6 van die Wet op die Reëlsraad vir Gereeshowe, 1985 (Wet No. 107 van 1985), en met die goedkeuring van die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste, die reëls in die Bylae gemaak.

BYLAE**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

[] Uitdrukkings in vet druk in vierkantige hake dui op weglatings uit bestaande reëls.

_____ Uitdrukkings met 'n volstreep daaronder dui op invoegings in bestaande reëls.

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylae beteken "die Reëls" die Reëls waarby die voer van die verrigtinge van die Landdroshowe van Suid-Afrika gereël word, afgekondig in Goewermentskennisgewing No. R. 740 van 23 Augustus 2010, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing No's. R. 1222 van 24 Desember 2010, R. 611 van 29 Julie 2011, R. 1085 van 30 Desember 2011, R. 685 van 31 Augustus 2012, R. 115 van 15 Februarie 2013, R. 263 van 12 April 2013, R. 760 van 11 Oktober 2013, R. 183 van 18 Maart 2014, R. 215 van 28 Maart 2014, R. 507 van 27 Junie 2014, 571 van 18 Julie 2014, R. 5 van 9 Januarie 2015, R. 32 van 23 Januarie 2015, R. 33 van 23 Januarie 2015, R. 318 van 17 April 2015, R. 545 van 30 Junie 2015, R. 2 van 19 Februarie 2016, R. 1055 van 29 September 2017, R. 1272 van 17 November 2017, R. 632 van 22 Junie 2018, R. 1318 van

30 November 2018, R. 842 van 31 Mei 2019, R. 1343 van 18 Oktober 2019, R. 107 van 7 Februarie 2020 en R. 858 van 7 Augustus 2020.

Wysiging van reël 5 van die Reëls

2. Reël 5 van die Reëls word in die Engelse teks gewysig, maar die hele reël, met wysigings, word hier in Afrikaans voorsien:

“2. Dagvaarding

(1) Iedereen wat 'n eis teen iemand anders instel, kan deur die kantoor van die griffier 'n dagvaarding of 'n gekombineerde dagvaarding uitreik, gerig aan die balju, waarin die balju gelas word om die verweerder onder andere mee te deel dat as die verweerder die eis betwis en wil verdedig, die verweerder—

(a) binne die tyd in die dagvaarding gestel, kennis van voorneme om te verdedig, moet gee; en

(b) na voldoening aan paragraaf (a), indien die dagvaarding 'n gekombineerde dagvaarding is, binne 20 dae daarna 'n pleit (met of sonder teeneis), 'n eksepsie of 'n aansoek om deurhaling moet aflewer.

(2) (a) In elke saak waarin die eis nie vir skuld of 'n gelijkwederde eis is nie, moet die dagvaarding 'n gekombineerde dagvaarding soortgelyk aan Vorm 2B van Aanhangsel 1 wees, aan welke dagvaarding besonderhede geheg moet word wat die wesenlike feite bevat waarop die eiser steun vir staving van die eiser se eis en welke besonderhede, onder andere, aan reël 6 moet voldoen, maar in egskeidingsake moet 'n gekombineerde dagvaarding wat wesenlik ooreenstem met Vorm 2C, gebruik word.

(b) (i) Waar die eis vir 'n skuld of gelijkwederde eis is, behalwe 'n eis onderhewig aan die bepalings van die 'National Credit Act', 2005, kan die dagvaarding 'n eenvoudige dagvaarding soortgelyk aan Vorm 2 van Aanhangsel 1 wees.

(ii) Indien die skuldoorsaak op 'n kontrak gebaseer is, moet die eiser aandui of die kontrak skriftelik of verbaal is, wanneer, waar en deur wie dit gesluit is, en indien die kontrak geskrewe is, moet 'n afskrif daarvan van die deel waarop gesteun word, by die eenvoudige dagvaarding aangeheg word.

(3) (a) (i) Elke dagvaarding moet deur die eiser se prokureur onderteken wees en die prokureur se fisiese adres bevat waar die eiser betekening van alle daaropvolgende dokumente en kennisgewings in die eis sal ontvang. In plekke waar daar drie of meer prokureurs of prokureursfirmas is wat onafhanklik van mekaar praktiseer, moet die fisiese adres binne 15 kilometer van die hof wees.

Die dagvaarding moet ook die prokureur se posadres en, waar beskikbaar, die prokureur se faksnommer en e-posadres verstrek. Die staatsprokureur kan die kantoor van die griffier of klerk van die siviele hof aanwys as sy of haar adres vir betekening.

(ii) As geen prokureur vir die eiser optree nie, moet die dagvaarding deur die eiser onderteken wees. Die dagvaarding moet die eiser se adres bevat waar die eiser betekening van alle daaropvolgende dokumente en kennisgewings in die eis sal ontvang. In plekke waar daar drie of meer prokureurs of prokureursfirmas is wat onafhanklik van mekaar praktiseer, moet die fisiese adres binne 15 kilometer van die hof wees. Die dagvaardig moet ook die eiser se posadres bevat, en, waar beskikbaar, die eiser se faksnommer en e-posadres.

(iii) Nadat aan subparagraaf (i) of (ii) voldoen is, moet die dagvaarding deur die griffier of klerk van die hof onderteken en uitgereik word en daardie dagvaarding moet die datum van uitreiking deur die griffier of klerk asook die saaknommer daaraan toegeken, bevat.

(b) Die eiser mag in 'n dagvaarding aandui of die eiser bereid is om betekening van alle daaropvolgende dokumente en kennisgewings in die eis op enige ander wyse benewens die fisiese adres of posadres te aanvaar en indien wel, moet sodanige voorkeurwyse van betekening vermeld word.

(c) Indien die aksie verdedig word, mag die verweerder by skriftelike versoek deur die eiser, skriftelik toestem tot die uitruil of betekening deur beide partye van daaropvolgende dokumente en kennisgewings in die eis by wyse van faks of e-pos.

(d) Indien die verweerder weier of nalaat om die skriftelike toestemming behoudens paragraaf (c) voor te lê, mag die hof, op aansoek van die eiser, sodanige toestemming verleen, op sodanige voorwaardes ten opsigte van koste of ander aangeleenthede, soos wat regverdig en toepaslik in die omstandighede mag wees.

(4) Elke dagvaarding moet vermeld—

(a) die naam en voorname of voorletters van die verweerder waaronder die verweerder aan die eiser bekend is, sy woon- of besigheidsplek en, waar bekend, sy beroep en werkadres en, indien hy as verteenwoordiger gedagvaar word, sy desbetreffende hoedanigheid; en

(b) die volle naam, geslag (indien die eiser 'n natuurlike persoon is) en beroep en die woon- of besigheidsplek van die eiser en, waar hy as verteenwoordiger dagvaar, sy desbetreffende hoedanigheid.

(5) (a) Elke dagvaarding moet 'n vorm vir kennisgewing van voorneme om te verdedig, insluit.

(b) Elke dagvaarding, behalwe 'n egskeidingsdagvaarding, moet insluit:

- (i) 'n vorm vir instemming tot uitspraak;
 - (ii) 'n kennisgewing wat die verweerder se aandag vestig op die bepaling van artikel 109 van die Wet; en
 - (iii) 'n kennisgewing waarin die verweerder se aandag op die bepalings van artikels 57, 58, 65A en 65D van die Wet gevestig word in gevalle waar die aksie op 'n skuld bedoel in artikel 55 van die Wet gebaseer is.
- (6) 'n Dagvaarding moet ook—
- (a) waar die verweerder onder die regsbevoegdheid deur artikel 28(1)(d) van die Wet aan die hof verleen, gedagvaar word, 'n bewering bevat dat die hele skuldoorsaak in die distrik of streek ontstaan het, en besonderhede ter ondersteuning van daardie bewering uiteensit;
 - (b) waar die verweerder gedagvaar word kragtens die regsbevoegdheid deur artikel 28(1)(g) van die Wet aan die hof verleen, 'n bewering bevat dat die betrokke eiendom binne die distrik of streek geleë is; en
 - (c) afstanddoening van deel van die eis kragtens artikel 38 van die Wet en enige teeneis kragtens artikel 39 van die Wet.
- (7) Waar die eiser 'n eenvoudige dagvaarding uitreik vir 'n eis deur wetgewing gereël, mag die dagvaarding 'n blote bewering van nakoming van die wetgewing bevat, maar die verklaring, indien enige, moet volle besonderhede van daardie nakoming beweer.
- (8) 'n Dagvaarding vir huurgeld kragtens artikel 31 van die Wet moet in die vorm voorgeskryf in Aanhangsel 1, Vorm 3 wees.
- (9) Waar die eiser as sessionaris dagvaar, moet die eiser die naam, adres en beskrywing van die datum van sessie aandui.
- (10) 'n Dagvaarding waarin 'n bevel verkry wil word om onroerende eiendom wat die tuiste van die verweerder is, vatbaar vir eksekusie te verklaar, moet 'n kennisgewing in die volgende vorm bevat:
- 'Die verweerder se aandag word gevestig op artikel 26(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika wat almal die reg gee om toegang tot voldoende behuising te hê. Sou die verweerder beweer dat die uitsettingsbevel daardie reg sal skend, is dit die verweerder se plig om inligting wat daardie bewering staaf voor die Hof te bring'.
- (11) Indien 'n party versuim om aan enige van die bepalings van hierdie reël te voldoen, word daardie dagvaarding geag 'n onreëlmatige stap te wees en die ander partye sal die reg hê om volgens reël 60A te handel."

Wysiging van reël 33 van die Reëls

3. Reël 33 van die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur die volgende subreël na subreël (5) in te voeg:

“(5A). In siviele aangeleenthede voor die distriks- en streekhof, is die tarief van gelde wat geneem staan te word deur advokate in artikel 34(2)(a)(ii) van die Wet op die Regspraktyk, 2014 (Wet No. 28 van 2014), bedoel, soos tussen party en party, die tarief uiteengesit in Tabel A en Tabel B van Aanhangsel 2 behoudens enige beperkings in enige Deel van die Tabela.”;

(b) deur subreël (6) deur die volgende subreël te vervang:

“Behalwe by verskyning voor ’n oop hof sonder [regsadviseurs] ’n advokaat in artikel 34(2)(a)(i) van die Wet op Regspraktyk, 2014 (Wet No. 28 van 2014), bedoel, is die gelde in subreël (5) toelaatbaar hetsy die werk deur ’n prokureur of deur sy of haar [klerk] kandidaatprokureur gedoen is, maar [is] word, behalwe in die geval van die gelde in paragraaf 13 van die algemene bepalinge kragtens Tabel A van Aanhangsel 2, slegs [toelaatbaar] toegestaan vir sover die werk waarvoor daardie gelde toegeken is, werklik en noodsaaklikerwys gedoen is.”;
en

(c) deur subreël (10) deur die volgende subreël te vervang:

“Waar die hof van mening is dat die party aan wie koste toegeken word by die verhoor onnodig of in verband met aangeleenthede wat nie met die vraagstuk verband hou nie, tyd opgeneem het, kan die hof ’n eweredige deel van die verhoorgelde betaalbaar aan sy of haar prokureur of [regsadviseur] advokaat, weier.”.

Wysiging van reël 76 van die Reëls

4. Reël 76 van die Reëls word hierby gewysig deur paragraaf (c) van subreël (2) te vervang:

“76. Werksaamhede en pligte van klerke en griffiers

(1) ’n Klerk of griffier van die hof moet aan alle partye verduidelik—

(a) wat die doel van alternatiewe geskilbeslegting is, wat die betekenis, oogmerke en voordele, met inbegrip van kostebesparing, van bemiddeling is; en

(b) dat hul aanspreeklik vir die gelde van die bemiddelaar is.

(2) ’n Klerk of griffier van die hof moet—

- (a) die partye verwittig dat hulle deur praktisyns van hul keuse, op hul eie onkoste, bygestaan kan word;
- (b) in oorleg met die partye, die pligte in reëls 77 en 78 uitvoer;
- (c) indien die partye tot bemiddeling instem, hulle bystaan om 'n skriftelike ooreenkoms om te bemiddel, aan te gaan, wat deur die partye onderteken en deur die bemiddelaar aanvaar word; en
- (d) by sluiting van 'n ooreenkoms om te bemiddel—
 - (i) 'n afskrif van die ooreenkoms om te bemiddel;
 - (ii) afskrifte van die verklaring van eis en verklaring van verweer, indien die bemiddeling voor die aanvang van gedingvoering gaan geskied;
 - (iii) in aksieverrigtinge, afskrifte van die dagvaarding en pleit, of verklaring van verweer indien geen pleit ingedien is nie; en
 - (iv) in aansoekverrigtinge, afskrifte van die stigtings-, antwoord- en responsverklarings, of verklaring van verweer, indien geen antwoordverklaring ingedien is nie,

vir die bemiddelaar aanstuur.”.

Wysiging van reël 84 van die Reëls

5. Reël 84 van die Reëls 84 word hierby gewysig—

(a) deur subreël (2) deur die volgende subreël te vervang:

84. Gelde van bemiddelaars

(1) Partye wat aan bemiddeling deelneem, is aanspreeklik vir die gelde van die bemiddelaar, behalwe waar die dienste van 'n bemiddelaar gratis voorsien word.

(2) **[Aanspreeklikheid]** Tensy die partye anders ooreenkom, moet aanspreeklikheid vir die gelde van 'n bemiddelaar gelykop **[tussen opponerende]** deur die partye wat aan bemiddeling deelneem, gedra word **[: met dien verstande dat enige party kan aanbied of onderneem om die gelde van 'n bemiddelaar ten volle te betaal].**”; en

(b) deur subreël (3) te skrap.

Herroeping van reël 86 van die Reëls

6. Reël 86 van die Reëls word hierby herroep.

Wysiging van Deel 1 van Tabel A van Aanhangsel 2 tot die Reëls

7. Deel I van Tabel A van Aanhangsel 2 tot die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf 6 deur die volgende paragraaf te vervang:

“6 (i) Gelde vir advokate in artikel 34(2)(a)(i) van die Wet op Regspraktyk, 2014 (Wet No. 28 van 2014), bedoel, word by taksasie toegeken slegs in gevalle wat onder skaal B, C of D val of waar die hof 'n bevel ingevolge reël 33(8) gegee het.

(ii) Gelde vir advokate in artikel 34(2)(a)(ii) van die Wet op Regspraktyk, 2014 (Wet No. 28 van 2014), bedoel, word by taksasie toegeken vir skaal A, B, C of D of waar die hof 'n bevel ingevolge reël 33(8) gegee het.”; en

(b) deur die volgende paragraaf na paragraaf 17 in te voeg:

(c)

“18 Gelde vir advokate in artikel 34(2)(a)(i) van die Wet op Regspraktyk, 2014 (Wet No. 28 van 2014), bedoel, word by taksasie slegs vir items 21 tot 26 van Deel IV toegeken.”

Wysiging van Aanhangsel 3 by die Reëls

8. Aanhangsel 3 van die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur Bemiddelingsvorm M.Ed.-6 te vervang deur die vorm hierby aangeheg; en

(b) deur Bemiddelingsvorm MED-7 te skrap.

Inwerkingtreding

9. Hierdie reël tree in werking op 1 Desember 2020.

AANHANGSEL

“VORM MED-6

(Reëls 77(4) & 78(3))

HOF:.....LÊERNO:.....

OOREENKOMS OM TE BEMIDDEL
(Voor en ná gedingvoering)

PARTYE:

AA Eiser

En

BB Respondent

(Moet deur bemiddelingsklerk ingevul word)

Ons, die ondergetekendes (hierna die partye genoem) kom ooreen om die geskil tussen ons te bemiddel, soos in die Aansoek om Verwysing van Bemiddeling uiteengesit, op die terme en voorwaardes in hierdie ooreenkoms.

1. BESONDERHEDE VAN EISER:

Van/Naam

Voorname

Woonadres

Sakeadres

Posadres

Telefoon

Selnommer

Faksnommer

E-pos

2. BESONDERHEDE VAN RESPONDENT:

Van/Naam

Voorname

Woonadres

Sakeadres

Posadres

Telefoon

Selnommer

Faksnommer

E-pos

3. BEMIDDELAAR

Die partye kom hierby ooreen om die volgende bemiddelaar aan te stel:

Van

Voorname

Adres

Telefoon

Selnommer

Faksnommer.....

E-pos

4. BEMIDDELAARSGELDE

4.1 Die partye en die bemiddelaar teken aan dat geen gelde aan die bemiddelaar verskuldig is nie.

4.2 Die bemiddelaar kry sy of haar gelde by ooreenkoms met die partye.

4.3.1 Die partye is in gelyke dele aanspreeklik vir die bemiddelaar se gelde.

OF

4.3.2 Die partye onderneem om die bemiddelaar se gelde in die volgende verhoudings of bedrae te betaal:

Eiser:.....

Respondent:

.....

(Skrap wat ook al nie van toepassing is nie)

4.4 Indien betaling nie betyds gemaak word nie, kan die bemiddelaar, na eie goeddunke, alle werk namens die partye staak en uit die bemiddeling onttrek.

4.5 Die partye verstaan en stem saam dat hulle verantwoordelik is vir twee ure van die bemiddelaar se tyd teen bogenoemde tarief vir enige afspraak wat hulle nie bywoon nie indien hulle nie ten minste 24 uur voorafkennisgewing van die kansellasië gee nie.

5. DATUM, TYD EN PLEK

5.1 Die eerste bemiddelingssessie sal gehou word op
./...../.....om..... am/pm.

5.2 Die plek van bemiddeling sal
wees, maar kan by ooreenkoms tussen die partye en die bemiddelaar wees.

6. DUUR VAN BEMIDDELING

Die partye kom ooreen dat die verwagte duur van die bemiddeling ure/dae is.

7. BEMIDDELINGSPROSES

7.1 Die partye verstaan dat bemiddeling 'n proses is waarin 'n bemiddelaar kommunikasie tussen die partye vergemaklik en, sonder om oor die kwessies te beslis of 'n oplossing aan die partye op te lê, hulle in staat stel om die kwessies te verstaan en 'n onderling aanvaarbare resoluë van hulle geskil bereik.

7.2 Die partye verstaan dat dit van die partye, met die bemiddelaar se instemming, afhang om die omvang van die bemiddeling te bepaal en dit sal vroeg in die bemiddelingsproses gedoen word.

8. AARD VAN BEMIDDELING

- 8.1 Die partye verstaan dat bemiddeling 'n proses is waardeur 'n ooreenkoms bereik kan word waarin die bemiddelaar partye bystaan om 'n ooreenkoms op 'n samewerkende, konsensuele en ingeligte wyse te bereik.
- 8.2 Dit word verstaan dat die bemiddelaar geen mag het om vir die partye te beslis oor kwessies waaroor die geskil handel nie.
- 8.3 Die partye verstaan dat bemiddeling nie 'n plaasvervanger vir onafhanklike regsadvies is nie.
- 8.4 Die partye verstaan dat dit die bemiddelaar se oogmerk is om te fasiliteer dat die partye self hul mees konstruktiewe en billike ooreenkoms bereik. Die partye verstaan ook dat die bemiddelaar 'n verpligting het om gelyk namens elke party te werk en dat die bemiddelaar nie onafhanklik regsadvies aan enige party kan gee nie en nie terapie binne die bemiddeling sal gee nie.
- 8.5 Die partye stel hul voorneme in goeder trou om hul bemiddeling by ooreenkoms af te handel. Daar word egter verstaan dat enige party enige tyd uit die bemiddeling kan onttrek of dit kan opskort, om enige rede.
- 8.6 Die partye verstaan ook dat die bemiddelaar die bemiddeling kan opskort of beëindig as die bemiddelaar voel dat die bemiddeling sal lei tot 'n onregverdige of onredelike uitslag, as die bemiddelaar voel dat 'n dooiepunt bereik is, of as die bemiddelaar bepaal dat hy of sy nie meer sy of haar fasiliterende rol doeltreffend kan verrig nie.

9. BEMIDDELAAR ONPARTYDIGHEID

- 9.1 Die partye verstaan dat die bemiddelaar tydens en ná die bemiddelingsproses onpartydig moet bly. Die bemiddelaar staan dus nie die belange van enige party oor dié van 'n ander voor nie.

9.2 Die bemiddelaar sal op versoek van die partye afskrifte van korrespondensie, konsepooreenkomste en geskrewe dokumentasie aan die partye se regsverteenwoordigers voorsien.

9.3 Die bemiddelaar kan afsonderlik met 'n individuele bemiddelingsparty kommunikeer, in welke geval daardie bespreking vertroulik tussen die bemiddelaar en die individuele bemiddelingsparty is, tensy hulle anders ooreenkom.

10. BEMIDDELAAR SE VRYWARING

Die partye kom ooreen dat die bemiddelaar nie aanspreeklik is vir enige handeling of weglating wat regstreeks of onregstreeks met die bemiddeling verband hou nie.

11. VOLLEDIGE OPENBAARMAKING

Elk van die partye kom ooreen om alle relevante inligting en dokumente volledig en eerlik openbaar te maak, soos deur die bemiddelaar aangevra en alle inligting deur enige ander party tot die bemiddeling aangevra, indien die bemiddelaar bepaal dat die blootlegging relevant tot die bemiddelingsbesprekings is.

12. VERTROULIKHEID

12.1 Die partye en die bemiddelaar verstaan onderling dat die bemiddeling streng vertroulik en sonder benadeling sal wees.

12.2 Bemiddelingsbespreking, skriftelike en mondelinge kommunikasie, enige konsepresolusies en enige onondertekende bemiddelde ooreenkomste is nie toelaatbaar in enige hofverrigting nie, tensy daardie inligting ingevolge die normale hofreëls blootgelê mag word. Slegs 'n bemiddelde ooreenkoms, deur die partye onderteken, is aldus toelaatbaar.

12.3 Die partye kom verder ooreen om nie die bemiddelaar te roep om oor die bemiddeling te getuig nie of om enige materiale van die bemiddeling in enige hofverrigtinge tussen die partye te verstrek nie.

12.4 Die partye verstaan die bemiddelaar het 'n etiese verantwoordelikheid om vertroulikheid te verbreek as hy/sy vermoed iemand anders kan leed aangedoen word.

13. GEDINGVOERING

Die partye kom ooreen hulle om te weerhou van voorafmaneuvers en vyandelike regsverrigtinge (behalwe in die geval van 'n noodgeval wat sodanige aksie noodsaak), terwyl hulle aktief met die bemiddelingsproses gemoeid is.

14. VERJARING

Die partye is bewus dat die bemiddelingsproses nie die verjaring van enige van van die partye se eis opskort, uitstel of onderbreek nie en die onus rus op elke partye om stappe te doen om daardie verjaring vir die duur van die bemiddeling te onderbreek.

15. SKIKKINGSOORENKOMS

Sou die partye die geskil tussen hulle skik, kom die partye ooreen om die voorwaardes van die skikking op skrif te stel, met die bemiddelaar se bystand.

16. VERBREKING VAN OORENKOMS

Enige party wat hierdie ooreenkoms verbreek is aanspreeklik vir en stel die nie-verbreekende partye en bemiddelaar vry van enige verlies, met inbegrip van prokureursgelde, wat as gevolg van daardie verbreking, aangegaan kan word.

17. NIE-VERANDERING EN KWYTSKELDING

Die partye kom ooreen dat enige wysiging of verandering of kwytskelding van enige voorwaarde van hierdie ooreenkoms skriftelik moet wees en deur die partye, met inbegrip van die bemiddelaar, onderteken moet word.

GETEKEN TE OP

GETUIES:

1.

 EISER
2.

 PERSOONLIKE HOEDANIGHEID /
 BEHOORLIK GEMAGTIG
(Heg afskrif van magtiging/resolusie aan)

GETUIES:

1.

 RESPONDENT
2.

 PERSOONLIKE HOEDANIGHEID /
 BEHOORLIK GEMAGTIG
(Heg afskrif van magtiging/resolusie aan)

AANVAARDING DEUR BEMIDDELAAR:

Ekaanvaar hierby die terme en voorwaardes
 van hierdie ooreenkoms vir sover dit met my verband hou.

GETEKEN TEOP

.....
BEMIDDELAAR"